**I.M.S.**
**Vol. I, No. 56**

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

21 Augustus 1964

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
19 OCT 1964
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

## DIE OUE EN DIE NUWE

Plaaslike owerhede ondervind dat as gevolg van die ontwikkeling en voorspoed in die land en die uitvoering van die landsbeleid waarby hulle betrokke is, probleme hulle voordoen teen 'n tempo wat tot dusver onbekend was.

Dat daar 'n tekort aan mense bestaan wat die tegniese opleiding besit om tred te kan hou, is bekend, en dit wil partykeer voorkom asof binne die tyd wat nodig is om 'n vraagstuk op te los, 'n splinternuwe situasie geskep is wat nuwe vereistes stel en werk wat alreeds gedoen is, feitlik nutteloos maak sodat weer van voor af begin moet word.

Alles word gedoen om die voordeel van goeie samewerking tussen Staatsdepartemente en plaaslike owerhede te bewerkstellig. Dit is in besonder van toepassing op departemente soos dié van gemeenskapsbou wat nou ook behuising insluit, waterwese en spoorweë. Geld is beskikbaar maar tussen die aanvaring van skemas en die uitvoering daarvan, lê 'n moeilike tyd waarbinne alle besonderhede uitgewerk moet word. Dit sluit in die finale beplanning van die skemas in hul geheel vir die verskillende groepe van ons samelewing, die beplanning van nuwe strate en dienste vir elke individuele skema en die invoeging in die beplanning van hele streke.

Die padverkeersprobleme baar sorg. Die voorsiening van die nodige padreserwes tot breedtes wat tot dusver ongehoord was, is geen maklike taak nie en dit wil partykeer voorkom asof die padstelsel soveel grond gaan verslind dat die verhouding tussen hom en beskikbare dorpsgrond wat vir boudoeleindes beskikbaar bly, uit balans wil raak. Daar is stede waar die padstelsel alleen tot twee-derdes van 'n stedelike gebied vir verkeersdoeleindes in beslag neem.

So staan ook Stellenbosch voor 'n groot vraagstuk en dit is interessant om partykeer die geleentheid te hê om foto's

uit die verlede van ons dorp te bestudeer. Deur die vriendelikheid van mej. A. Hofmeyr, het die Raad in besit gekom van 'n foto wat na haar mening uit die jaar 1880 dateer.

Hierdie foto wys duidelik dat die dorp teen daardie tyd niks verder in 'n oostelike rigting ontwikkel het as Drostdystraat en die Kweekskool nie. Van Ryneveldstraat het alreeds in 'n mate ontwikkel. Die eintlike dorp was tussen Alexander- en Dorpstraat geleë en rondom hierdie ou kern van Stellenbosch, lê daar pragtige oop stukke landbougronde. Die toring van die Moederkerk oorheers nog die hele prent.

As „Eikestadnuus" die foto in 'n toekomstige uitgaaf wil publiseer, sou ek dit verwelkom, moontlik langs 'n ander waardevolle foto uit die jaar 1900 wat tekens van ontwikkeling toon in die rigting van Jonkershoek, veral aan die suidekant van wat later Van Riebeeckstraat geword het, en ook langs Victoriastraat.

Dit is interessant om ook in die jongste foto uit die lug die ou patroon van die aanleg van Stellenbosch raak te sien wat ontstaan het uit die nodige verbindings met die omliggende dorpe en die landbougebiede, wat weer deur die bergagtige natuur van die omgewing van Stellenbosch bepaal is.

Hierdie skenking van mej. Hofmeyr beweeg my om 'n beroep te doen op almal wat in besit is van dergelike ou foto's om dit nie te laat wegraak nie, maar tot beskikking van die Stadsraad te stel.

Met belangstelling en genot het ek die notule van 'n vergadering van die Kommissarisse van 17 Augustus 1880 gelees. Dit bestaan uit vyf foliovelle deur die sekretaris in Engels geskryf. Daar is geen sprake van vraagstukke soos ons dit ken nie.

Die besonderhede het die grootste aantrekkingskrag, veral waar dit gaan om die boetes wat opgelê is en die plekke wat bewys dat sekere moeilikhede waarmee die dorp te kampe het nog steeds, al is dit in gewysigde vorm, voortbestaan.

## 100 JAAR GELEDE

Ek het hierbo met 'n mate van jaloesie melding gemaak van die kort notule uit die jaar 1880, maar ook dié van 1864 nagegaan. Hulle was slegs gemiddeld twee bladsye lank. Dus het die werk blykbaar tog geleidelik toegeneem.

Alle ontvangste en uitbetalings word volledig genotuleer maar die bedrae is maar klein. Die hoogste was £2 5s. vir die toets van die brandspuite en £2 16s. vir reparasies aan hulle. Die brandspuite word nogal dikwels genoem en blykbaar was

die Raad onder die indruk van die brandgevaar in 'n dorp waar rietdakke nog volop was.

Alle boetes word behoorlik aangeteken en in Julie 1864 is professore Hofmeyr en Murray albei met 3/4 beboet, waarskynlik omdat hulle diere of hoenders in die strate laat ronddwaal het. Die enigste saak van belang is dat die Raad op 28 Julie 1864 die Afdelingsraad gevra het om aan sy Sekretaris opdrag te gee om 'n bedrag van £40.0.0 wat die Afdelingsraad in Maart 1862 às sy bydrae tot die instandhouding van die sogenaamde Stenebrug oor die Plankenbrugrivier en die Victoriabrug oor die Eersterivier belowe het, nou uit te betaal.

Die Raad het egter van die Afdelingsraad verneem dat hy tot sy spyt nie in staat was om aan die versoek te voldoen nie.

Die Notule sê nog dat die Raad besluit het dat hierdie feit genotuleer moet word.

J. C. DE WET,
Onder-Burgemeester.

---

28th August, 1964.

**THE DEPUTY MAYOR**

At it's meeting on Tuesday, 25th August, the Council was happy to have back in it's midst the Deputy Mayor, Dr. J. C. de Wet, after an absence of about a month, due to illness. Dr. de Wet is in time to attend to the preparation of the estimates for the coming year. This is quite an onerous task and involves a large amount of preliminary work on the part of the officials. A special meeting of the Council to consider the estimates will probably be held during the early part of November.

**AN EVENTFUL WEEK**

From the 2nd to the 12th September the Stellenbosch Arts Festival which has become such an important cultural event in the life of our town, will once again be presented. Amongst the many attractions will be a concert by the Cape Town Municipal Orchestra as well as performances by distinguished artists. Many visitors from surrounding towns will no doubt attend the Festival.

Concurrently with the Arts Festival the local Chamber of Commerce is launching a "Buy locally" campaign to bring

home to the residents of Stellenbosch the fact that local firms can cater for all the needs of the buying public of our town.

The importance of Stellenbosch as a cultural centre will once again be highlighted by the excellent programme of events which has been arranged.

Our thanks and appreciation go to all those who have worked so hard in organising the Festival. At the same time we trust that the public will show its appreciation of the excellent service which the business community is providing by supporting local firms.

**THE HALDEWANG SCHEME**

It will be recalled that the Council some time ago, received an application for the erection of a ten-storey building on the Haldewang property in Market Street. Council was favourably disposed towards the project provided the promotors of the scheme complied with certain requirements in regard to boundary distances, open space, parking areas, etc. The scheme was a composite one, including shops, offices, flats and a cinema.

The project was subsequently submitted to the Provincial Administration with a recommendation that the area in question be rezoned to accommodate the above scheme.

Council has now been notified that his Honour the Administrator does not see his way clear to approve of the rezoning. He has, however, no objection to the erection of a five-storey building on the property.

**SPECIAL COUNCIL MEETING ON 1ST SEPTEMBER, 1964**

A special Council Meeting will be held on Tuesday, 1st September, 1964, for the purpose of electing a Mayor, Deputy Mayor and Chairman of Committees for the ensuing municipal year. Council has decided to deal with the proposed Langenhoven Memorial Hall at the same meeting.

---

4 September 1964.

**'N NUWE AMPSJAAR**

Oral in die Kaapprovinsie is Stadsrade in die loop van hierdie maand besig om burgemeesters en ander ampsdraers vir die volgende jaar te kies.

Op 'n spesiale Raadsvergadering gehou op 1 deser het die Stadsraad my andermaal die eer aangedoen om my as die Eerste

Burger aan te wys, met prof. J. C. de Wet weer as Onderburgemeester. Ek is dankbaar vir die vertroue wat op hierdie wyse in my gestel word en wil terselfdertyd ook my waardering teenoor die talle openbare liggame en die publiek in die algemeen betuig, vir die mooi gees van welwillendheid en samewerking wat teenoor my en en my vrou die afgelope jaar geopenbaar is. Ons weet dat ons ook in die jaar wat voorlê op die steun van die gemeenskap sal kan staatmaak, en hiervoor sê ons by voorbaat baie dankie.

**MNR. STOFFEL SMIT**

'n Wye vriendekring sal met spyt verneem dat oom Stoffel tans ongesteld en in die hospitaal is.

Mnr. Stoffel Smit het op baie terreine in Stellenbosch voortreflike diens gelewer, nie die minste waarvan sy lang verbintenis met die Stadsraad van Stellenbosch was nie. Vanaf 1939 tot 1954 was hy onafgebroke lid van die Stadsraad en daarna weer van 1957 tot 1963. Gedurende 1951 en 1952 was hy burgemeester van ons dorp.

Ons wil oom Stoffel verseker dat sy talle vriende aan hom in hierdie tyd dink en vertrou dat beterskap gou sal intree en ons hom eersdaags weer in ons midde terug sal hê.

**PROKLAMERING VAN GROEPSGEBIEDE**

Volgens 'n kennisgewing in die Staatskoerant van 28 Augustus is 'n gebied wat voorheen as beheerd verklaar was nou as 'n blanke groepsgebied geproklameer. Dit is die area wat begrens word deur Merrimanlaan, Birdstraat, Hammanshandweg en Joubertstraat en wat tans hoofsaaklik nog deur Kleurlinge bewoon word.

Die effek van die afkondiging is dat positiewe stappe nou gedoen sal moet word om alternatiewe huisvesting vir hierdie Kleurlinge in die gebiede wat vir hulle afgebaken is, te voorsien.

---

11th September, 1964.

**PROPOSED FERTILISER FACTORY**

The Council has been approached by Dale's Fertilisers Ltd. with a view to the erection of an organic fertiliser plant at Stellenbosch. Similar plants already exist in Natal and at Ficksburg in the O.F.S., and I recently had the opportunity of

inspecting the latter. The raw materials used in the process consist of waste products which exist in the area, and in our case the winery effluent, sawdust and garden refuse will be the most important components from which the final product will be derived.

During the week Mr. Ballington, Managing Director of the concern, visited Stellenbosch and had discussions with the Council.

While on the one hand we are keen to accommodate this particular industry here in view of the availability of the raw materials, we have on the other hand to make absolutely sure that such concern will not constitute a nuisance, especially to the neighbouring residential area of Onderpapegaaiberg. The proposed site adjoins the sewage disposal works, and will include the area where the Council's compost making activities are at present taking place.

There is every likelihood that the unpleasantness caused by the odours emanating from the disposal of the winery effluent will cease, and Council's keen interest in the fertiliser project stems largely from this consideration. But at the same time care will have to be excercised that we do not substitute one nuisance for another.

## THE METHODIST CHURCH IN PLEIN STREET

It is probably common knowledge that the Methodist Church has sold its property in Plein Street to a large building society, which intends erecting a new building on the site. Another old landmark will therefore disappear in the near future.

## THE ABATTOIR PROBLEM

Council's plans for the building of a new and modern abattoir have reached the stage where tenders can be called for. The report of a Government Commission on Abattoirs was published within the last two months and Council has acquainted itself with the main findings and recommendations of this Commission, chiefly in order to ascertain to what extent the building of a new abattoir in Stellenbosch will be affected by the recommendations set out in the report.

The whole matter was also discussed at length at a recent meeting of the United Municipal Executive and a Special Committee was set up by this body to correlate the views of all local authorities for submission to the Government. Two aspects of the problem which are of considerable interest to us are: whether private interests should be allowed to enter the

field in competition with local authorities; and secondly whether the establishment of abattoirs should be on a regional basis, one abattoir serving a number of towns. Before we proceed with our own plans, clarity will have to be obtained on these and other points contained in the said Report.

---

18 September 1964.

**MNR. A. P. VENTER TREE UIT**

Nadat mnr. Venter vanaf 1937 tot vanjaar onafgebroke as lid van die Afdelingsraad van Stellenbosch die dorpsgemeenskap verteenwoordig het, het hy dit gerade geag om hom nie weer verkiesbaar te stel nie. Dit is feitlik 'n leeftyd van diens ten behoewe van sy gemeenskap, en namens die publiek wil ek ons opregte dank aan hom betuig vir sy opoffering en die kenmerkende verdraagsaamheid waarmee hy steeds ons probleme betrag het. Ons weet dat hy 'n baie besige man was as Lid van die Uitvoerende Komitee en daarby ook hoof van 'n sake-onderneming, maar niemand wat 'n probleem met hom wou bespreek, kon ooit kla dat mnr. Venter nie die tyd kon vind om te luister nie. Ons is egter daarvan bewus dat mnr. Venter se gesondheid in die jongste tyd nie van die beste was nie, en ek wil vertrou dat die verslapping van sy openbare pligte hom ten goede sal wees. Nog eens wil ek vir hom sê baie dankie vir alles wat hy vir ons dorp gedoen het.

Terselfdertyd wil ek 'n woord van gelukwensing rig aan mnr. De Vries Basson wat nou die dorp se verteenwoordiger op die Afdelingsraad is, en ook die hoop uitspreek dat hy sy nuwe taak interessant en leersaam sal vind. Ek het die volste vertroue dat hy 'n waardige opvolger vir mnr. Venter sal wees.

**STIGTING VAN 'N BEWAARSKOOL**

Ek het so pas 'n brief van die A.C.V.V. ontvang met die mededeling dat hierdie ywerige organisasie die stigting van 'n Bewaarskool vir blanke voorskoolse kinders beoog en dat hy graag 'n opname wil maak van die behoefte wat daar vir so 'n inrigting bestaan.

Die versoek is toe aan my gerig dat ek deur middel van hierdie rubriek 'n beroep op belangstellende ouers moet doen om met die A.C.V.V. in verbinding te tree deur die onderstaande vormpie in te vul en aan te stuur.

Ek vertrou dat ek sal kan staatmaak op die medewerking van almal wat graag van so 'n skema gebruik sal wil maak. Die vormpie kan gerieflikheidshalwe net so hier uitgeknip en aan die A.C.V.V. gerig word.

Die A.C.V.V. beoog die oprigting van 'n bewaarskool, waar blanke voorskoolse kinders bedags versorg word, terwyl moeders werk. Indien u in hierdie projek belangstel, sal u asseblief die onderstaande vorm voltooi.

Alle inligting verstrek, is konfidensieel en dien slegs om 'n aanduiding te gee van die bestaande behoefte.

NAAM: ..............................................................

ADRES: ..............................................................

..............................................................

**Inkomste per maand:**

1. Man: ..................................................
2. Vrou: ..................................................

**Aantal voorskoolse kinders:**

| | *Naam* | *Geboortedatum* |
|---|---|---|
| 1. | .................................... | .................................... |
| 2. | .................................... | .................................... |
| 3. | .................................... | .................................... |
| 4. | .................................... | .................................... |

Voltooi en pos binne 'n maand terug aan:
Bewaarskool,
A.C.V.V.-Gemeenskapsentrum,
Bergzicht,
STELLENBOSCH.

W. C. DEMPSEY.

PRO EC. 9/64 11010